

Selfteel kan baie **geld** en **tyd** kos.

Andries Gouws

Die Simbra-beeras het hom gevestig as 'n geharde, vrugbare ras wat maklik boer omdat hy die voortreflikste eienskappe van sy twee stamrasse het. Is dit die moeite werd om Simbras self te teel, of moet 'n boer eerder rasegte of opgeteelde Simbras koop?

Die wiel is klaar ontwerp. Hoekom sal 'n mens dit met Simbra-beeste weer wil doen? In die meeste gevalle kos dit meer tyd en geld. Die enigste regverdiging is dalk dat daar nog nie soveel uitstaande Simbra-bulle beskikbaar is as goeie Brahman- en Simmentalerbulle nie.

Só glo mnr. Tito Vorster wat self albei paaie geloop en gevind het dat as hy van die begin af Simbras gekoop het, pleks van om hulle self te probeer teel, hy sowat R750 000 en baie tyd en moeite sou gespaar het. Die kudde het geneties beter gevorder en makliker bestuur nadat hy rasegte bulle begin inkoop het.

Mnr. Ed Barry, wat met Simbras in die matige Kwa-Zulu-Natalse Middellande én in die harde bergwêreld van Dundee boer, se ondervinding strook hiermee. Dit is veral die gebrek aan eenvormigheid in die kruistipes wat die uitskotpersentasie erg opstoot teenoor die eenvormigheid wat hy gekry het met die gebruik van Simbra-bulle.

Vorster boer digby Moolman naby Piet Retief met die Delft-Simbra-stoetery, aartappels en bloekom- wattle- en denneplantasies.

Dit het hom laat besluit om na Simbras oor te skakel, wat uitstekend

aanpas in feitlik enige omgewing in die land en baie vrugbaar en bestuursvriendelik is. Hulle kan met min moeite ekstensief aangehou word en presteer selfs goed saam met wild in beboste gebiede.

Daar is weliswaar ander suiwer rasse wat uitstekend aangepas is en wat in uifers ekstensiewe toestande gebruik kan word waarmee daar geen fout is nie, maar hy glo dat die Simbra, wat uit die Brahman en Simmentaler geteel is, net daardie wyer spektrum van aanpassing vir feitlik enige deel van die land bied.

Aanvanklik het hy uitstaande Simmentaler- en Brahman-beeste aangeskaf en twee stoeterye bedryf waaruit hy Simbras wou teel. Met 'n kruisteelprogram en daarna met korrektiewe teling met Brahman- en Simmentalerbulle het hy probeer om dié tipe Simbra te teel wat op sy plaas kon aanpas en produseer.

Hy kon nie 'n vaste patroon kry nie en ná 'n paar jaar het Vorster eintlik net met 'n trop beeste gesit. Dit het hom laat besluit om die ander roete te volg. Sy oogmerk was om fenotopies





meer eenvormigheid te bewerkstellig sonder om die genotipiese verskeidenheid wat die twee stamrasses bied, prys te gee.

Met sy ondervinding van die twee roetes, het hy 'n paar baie interessante waarnemings gemaak. Toe hy Brahmanbulle op Simmentalerkoeie gebruik het, was die nageslag meer eenvormig, maar die frekwensie van kalwingsprobleme hoër.

Andersom, met Simmentalerbulle op rooi Brahmankoeie, het die nageslag gewissel van feitlik tipies Brahman deur die hele spektrum tot feitlik tipies Simmentaler en was daar ook 'n groot verskil in haarkleed tipe. Die nageslag was ook meer rankerig en laatryp-tipe beeste.

Die genetiese voorspelbaarheid van die F1-diere was baie laag, die stelsel van korrekte teling was langdradig, bestuursintensief, duur en die uitskotpersentasie baie hoog. By bulkalwers was dit sowat 90% en by verse minstens 50%.

Die basterweelde was uitstekend en baie goeie diere het slagplaas toe gegaan, maar dit het nie vergoed vir die gebrek aan vordering om Simbras te teel nie.

As Vorster die pad weer moes loop, sou hy ná die eerste kruising die beste rasegte Simbrabulle wat hy kon kry by die vroulike F1-diere gebruik wat baie vinniger 'n groter eenvormigheid bewerkstellig. Dit verminder die persentasie diere wat uitgeskot moet word

vinniger en het 'n groot invloed op die winsgewendheid van so 'n stelsel.

'n Boer het dan ook minder bulle nodig en hy kan makliker vir hom die diere teel wat in sy omgewing aanpas en bestendigheid in sy kudde bring.

Toe hy ná vyf jaar besluit het om die ander roete te volg, het Vorster die Brahman- en Simmentaler-stoetbeeste verkoop en net die beste vroulike diere uit die nageslag behou wat naastenby voldoen het aan die tipe wat hy graag wou teel.

Toe het hy suiwer Simbras gaan koop en die regte tipe bulle begin gebruik om hom vinniger na sy teel doelwit te lei en binne nog vyf jaar kon hy sy eerste produksieveling hou.

Die vroulike diere is vir Vorster baie belangrik, want hulle maak die kalwers groot wat genoeg goeie verkoopbare vleis moet dra. Die enkele mees uitstaande eienskap van die Simbra is die gehalte van die Simbra vroulike diere. Twee vir die prys van een, 'n uitstaande geharde vleisbees met melk. Al gebruik 'n mens 'n goeie bul maar die koei het nie genoeg melk nie, kan jy nie 'n goeie speenkalf verwag nie.

As 'n boer moet besluit of hy deur kruistelling sy eie Simbras wil teel, moet hy onthou dat goeie Brahman- en Simmentalerbulle weliswaar meer geredelik beskikbaar, maar steeds duur is. Reken

daarby die tyd en die bestuursinsette wat vir welslae nodig is, dan is dit nie die aangewese manier nie, glo Vorster.

Om van die begin af Simbras te gebruik, is waarskynlik aanvanklik duurder, maar 'n mens het ook onmiddellik 'n opbrengs op die kapitaal wat jy belê het.

Simbras vaar uitstekend op net natuurlike weiding en goeie lekke. Hulle word ekstensief bedryf wat die bestuur baie maklik maak.

In dié marginale beeswêreld produseer Simbra-koeie speenkalwers wat minstens 50% van hul gewig is en hulle speen gemiddeld 84% kalwers.

Barry boer deesdae met sy Four Feet-Simbrastoetery op die plaas Kalwersfontein teen die platorand oos van Dundee in baie bergagtige en klipperige toestande.

In 1974 het sy ouers Simmentalers aangeskaf om op hul suikerplaas by Dalton te benut. Die diere het uitstekend presteer. In 1994 het Simbras gewild begin raak, en om deel van die nuwe ontwikkeling te wees, het hulle Brahmanbulle op van die Simmentalerkoeie begin gebruik en in 1995 het hulle Simbras van bekende stoeterye in Namibië soos dié van Diethelm Metzger, Ralf Kretzchmar en dr. Arthur Baggot-Smith gekoop.

Die diere het die basis van die stoetery gevorm en met goeie

Selfteel kan baie **geld** en **tyd** kos.

Simbra-bulle het hulle ook vinniger gevorder. Teen die wisseling van die eeu het hulle van die Simbras en Simmentalers na die bergplaas by Dundee gebring. Die gedagte was om naas die aangepaste Simbras ook geharder Simmentalerbulle uit 'n hart- en rooiwateromgewing te kon aanbied.

Vandag loop daar sowat 600 Simbra-teelkoeie op Kalwersfontein en gebruik hy steeds Brahman- en Simmentalerbulle om korrektiewe teling te doen by diere wat na die uiterste aan weerskante van die gemiddelde neig, maar hulle raak al minder. Die eenvormiger diere wat aan teelmikpunt voldoen raak al meer. By hulle gebruik Barry Simbra-bulle vir groter bestendigheid.

Die Simbras word totaal ekstensief bedryf en die diere moet vir hulself kan sorg in die klipperige rante en die beboste laagtes waar hulle saam met wild loop.

"Ons sien dikwels die kalwers die eerste keer wanneer hulle al betreklik groot is. Ons selekteer baie streng vir temperament."

Sowat die helfte van die koeie is F4-diere en die res is F3. "Ons mik na diere met vyf agtstes Brahman- en drie agtstes Simmentalerbloed om seker te maak hulle is gehard genoeg om in die berge en bosse met 'n relatief swaar bosluisbesmetting te oorleef," sê Barry.



Barry het een dekseisoen van begin Desember tot einde Februarie. Daar word gemik na koeie met 'n mediumraam en hulle word met dektyd in groepe van sowat 75 verdeel en loop dan saam met drie bulle.

Ondanks die feit dat daar heelwat luiperds en jakkalse is, kalv hulle in die veld in kampe waar die grond betreklik gelyk is. Die Simbras is goeie moeders en die ongediertes rig nie te groot skade aan nie.

Die kalwers word teen die einde van April gespeen wanneer die koeie in die hoogliggende kampe op die plato loop. Die bulkalwers wat behou word, loop die winter en somer ná speen in die laagliggende doringveld. As hulle twee jaar oud is en gemiddeld sowat 550 kg weeg, word hulle eers in die kommersiële kudde gebruik en dan in Julie verkoop wanneer hulle sowat 750 kg weeg. Die ossies word deur voerkrale bemark.

Die verse loop die eerste winter op groen veld en daarna in die doringveld waar hulle uitgroei. Wanneer hulle van 20 tot 24 maande oud is en gemiddeld 375 kg weeg, word hulle gepaar.

Barry soek die Simbrabulle wat hy koop en behou, sorgvuldig uit. Hulle teelwaardes vir groei moet bo die rasgemiddeld wees, volwasse koeigewig moet nie bo 600 kg wees nie en hulle moet 'n gemiddelde melkproduksie hê.

Hulle kalv effens vroeër as die koeie, loop dan in die beste kampe (met 'n produksielek). Dit maak 'n kalversentasie van gemiddeld 82% moontlik as hulle die tweede keer kalv.

Verse word geselekteer vir vroulikheid en 'n breë agterkant. Hulle probeer hoofsaaklik rooi diere behou, maar gehalte speel 'n belangriker rol as kleur. Hulle probeer van 15% tot 20% vervangingsverse in die kudde opneem.

Barry soek die Simbrabulle wat hy koop en behou, sorgvuldig uit. Hulle teelwaardes vir groei moet bo die rasgemiddeld wees, volwasse koeigewig moet nie bo 600 kg wees nie en hulle moet 'n gemiddelde melkproduksie hê.

Omdat laatrip-diere nie daar werk nie, moet die teelwaardes vir die diere se gewig op 200 dae en 400 dae hoog wees en op 600 dae nie te hoog nie.

Sy raad aan toetreders tot die Simbrabedryf is: Koop die beste wat jy kan bekostig, veral ouer koeie wat uitstekend is en nog 'n kalv of twee kan gee. Dan is jy verseker van 'n vinnige wegspring. \$+

Vir wins uit gras bly Simbra die' ras.